SAAM-PRAAT-PAPIER 13 MAART 2016

# VEILIG IN GENADE-HANDE

Joh 10:1-15

“Dít verseker Ek julle: Wie nie deur die hek in die skaapkraal ingaan nie maar van 'n ander kant af inklim, is 'n dief en 'n rower. (2) Maar hy wat deur die hek ingaan, is die skape se herder; (3) vir hom maak die hekwagter oop. Die skape luister na die herder se stem. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit. (4) Wanneer hy al sy skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit, en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken. (5) Hulle sal nooit 'n vreemde volg nie maar van hom af weghardloop, omdat hulle nie die stem van vreemdes ken nie.” (6) Deur hierdie beeld het Jesus met hulle gepraat, maar hulle het nie verstaan wat dit was wat Hy vir hulle wou sê nie. (7) Toe het Jesus verder gesê: “Dít verseker Ek julle: Ek is die ingang vir die skape. (8) Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie. (9) Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word. Hy sal in en uit gaan en weiding kry. (10) 'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed. (11) Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape. (12) 'n Huurling is geen herder nie, en dit is nie sy eie skape nie. As hy 'n wolf sien kom, los hy die skape en hardloop weg, en die wolf vang die skape en jaag die trop uitmekaar. (13) Hy is 'n huurling en bekommer hom nie oor die skape nie. (14) Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, (15) net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape.

Joh 10:26-30 Maar julle glo nie, omdat julle nie van my skape is nie. (27) My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My. (28) Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. (29) Dié wat my Vader vir My gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie. (30) Ek en die Vader is een.”

VEILIG IN GENADE-HANDE


JESUS VUL ONS LEWE MET BLYWENDE SEKERHEID IN ‘N ONSEKERE WÊRELD

1 JESUS GEE OORVLOED-LEWE (7-10)

2 JESUS LÊ SY LEWE VIR SY SKAPE AF (11,17,18)

3 JESUS KEN SY SKAPE (3,14,15)

4 JESUS BEWAAR SY SKAPE (28,29)



**SAAM-PRAAT:**

**1 WATTER *ONSEKERHEDE* BESTAAN IN ONS LEEFWÊRELD ?**

**2 WAT IN HIERDIE GEDEELTE HET JOU DIE MEESTE GERAAK ?**

**3 HOE DINK JY WORD DIE OORVLOED-LEWE WAT JESUS GEE, SIGBAAR IN ONS LEWE?**

**4 GESELS MET MEKAAR OOR DIE STELLING: *ONS IS VEILIG IN GENADE-HANDE***